**VERKONDIG DIE EVANGELIE UIT DANKBAARHEID VIR GOD SE GENADE**

**Lees: 1 Timotheus 1: 12 – 20 Teks: 1 Timotheus 1: 14**

Die woord genade het die betekenis dat jy iets ontvang wat jy nie verdien het nie. Dit is wat Paulus in hierdie gedeelte beklemtoon as hy aan Timotheus skryf. In die eerste 11 verse van hierdie brief praat Paulus met Timotheus en moedig hom aan om by die gesonde leer te bly. Die rede is omdat daar mense vanuit die gemeente hulle besig hou met allerhande verkeerde leerstellings. Hiervan moet Timotheus wegbly.

Hy moet hom hou by die gesonde leer (vers 11) want dit is die evangelie van die goeie God (v11). Hierdie gesonde leer is presies wat Paulus verkondig en op dieselfde manier moet Timotheus dit ook doen. Die rede?
Dankbaarheid! Paulus begin in vers 12 met die woorde: "Teenoor Christus Jesus ons Here is ek dankbaar." Paulus se dankbaarhied kom na vore in die vorm van 'n lied wat hy sing. 'n Lied van dankbaarheid oor die genade wat die Here aan hom bewys het.

In vers 12 is Paulus dankbaar oor 3 dinge:

a.) Dat Christus aan Paulus krag gegee het. Die vermoeë om te doen wat Hy vra en verwag.

b.) Christus ag hom betroubaar. Christus het geweet dat Paulus geskik was om hierdie werk te doen en daarom het Hy hom geroep en hom die vermoeë geskenk om die werk te doen.

c.) Christus het hom in Sy diens gestel, sodat hy sy diens kan verrig met 'n gesindheid van liefde en toewyding.

Wat eintlik merkwaardig is, is dat Paulus skryf dat die Here dit vir "my" gedoen het. In 'n mate kan Paulus dit nie verstaan nie. Hy het die Here dan voorheen belaster, vervolg en beledig (v13). Maar God was genadig. Ons teksvers (v14) roep uit hoedat die Here hom oorlaai het met genade, met geloof en liefde. Dinge kon so maklik anders verloop het.

Hier die kontras tussen Paulus se sonde en vorige lewe in vergelyking met die genade en sy huidige en toekomstige lewe. Die kontras is geweldig en onvergelykbaar. So onverdiend, en daarom genade. Paulus doen sy werk nou met dieselfde toewyding as wat hy die kinders van die Here vervolg het voorheen. Sy dankbaarheid is geweldig.

Ons lewens is nie anders as die van Paulus nie. Ons is van dieselfde sondes verlos, en moet daarom besef wat die genade van God vir my en jou beteken. Dink aan jou eie sonde en hoe baie, en besef dat die Here bereid is om dit te vergewe.

Vers 15 beaam dat dit die rede was waarom Christus na die aarde moes kom. Almal moet soos Paulus kan bely dat jy die grootste sondaar is van almal. Hier kom die nederigheid na vore. Om te besef hoe groot jou sonde is en te weet dat God genadig genoeg was om jou dit te vergewe.

Maar dit moenie net bly by nederig wees nie. Die dankbaarheid moet bewys word op twee wyses:

a.) Woorde
Paulus se woorde sê geweldig baie oor sy dankbaarheid. Ons lees daarvan in vers 16 – 17. Paulus het God se geduld en liefde teenoor hom beleef. Aan God kom toe die eer en die heerlikheid. Hy is die enigste God wat gedien moet word. Hy moet met ons woorde geloof en geprys word.

b.) Maar dit moet nie net met woorde geskied nie. Daar moet ook dade bykom. Paulus se opdrag aan Timotheus is om die goeie stryd te stry (v18). Timotheus het Paulus se navolger geword so ook ons. Die Evangelie van die goeie God is aan Timotheus en ook aan elkeen van ons toevertrou. Moenie die geleentheid om jou dankbaarheid te bewys laat verbygaan nie.

Ons weet en besef dat die Here ons elkeen roep. Hy het ons uit genade gekies om sy kinders te wees. Lewe dan in dankbaarheid teenoor Hom in woord en daad sodat die Naam van ons Here Jesus Christus verheerlik kan word.

**Ds. Neville Boy**
**17 September 2017**